




Skaap-“eiers” se invloed op lampersentasie

Deur: Annelie van Deventer, Pr.Sci.Nat, Feedtek

Een van die belangrikste produksiedoelwitte in 'n skaapboerdery, naamlik lampersentasie, word reeds tot solank as ses maande voor paring grootliks bepaal. Dit is wanneer die primêre follikels in die ooi se eierstokke begin ontwikkel.

Wanneer ooie siklies is, produseer hul eierstokke ongeveer elke 17 dae ryp eiselle wat bevrug kan word. Let wel dat 'n ooi gebore word met al die eiselle wat sy ooit gaan hê. Hierdie eiselle is egter onvolwasse en staan bekend as primêre follikels. Vir elke hitteperiode moet daar dus van die primêre follikels geaktiveer word om deur 'n proses van volwassewording te gaan. 'n Eisel neem ongeveer ses maande om vanaf 'n primêre follikel te ontwikkel tot 'n eisel wat vrygestel word tydens ovulasie. Die ooi se liggaamskondisie, gesondheidstatus en spanningsfaktore wat 5 tot 6 maande voor die paarseisoen afspeel, sal dus 'n invloed hê op die hoeveelheid én kwaliteit eisel(le) wat tydens ovulasie afgeskei word. Dit is kritieke fase 1 in eiselontwikkeling.

Die volgende belangrike periode van eiselontwikkeling is die antrale fase (kritieke fase 2). Die antrale fase vind plaas wanneer die follikel vanaf die binnekant na die oppervlak van die eierstok beweeg. Hierdie rypwordingsfase vind ongeveer twee maande voor ovulasie plaas. Ovulasie vind plaas weens sikliese hormonale veranderinge, en volwasse Graaff-follikels bars oop in die teenwoordigheid van spesifieke hormone. Hierdie eiselle wat vrygestel word, is dan beskikbaar vir bevrugting. Die aantal en die kwaliteit van die eisel(le) sal dus afhang van die ooi se genetica en die omgewingsfaktore wat reeds 6 en 2 maande voor ovulasie afspeel. Voeding is een van die grootste bydraende faktore tot die omgewing wat 'n ooi beleef.



Om te verseker dat die ooi se eierstokke optimale eiselle produseer, moet die produsent die ooi voorsien van voldoende “brandstof”. Gebalanseerde voeding is noodsaaklik om die ooi in staat te stel om haar genetiese potensiaal te bereik. Wanneer ooie veldweiding of oesreste benut, moet die tekortkominge deur 'n lek of byvoeding aangevul word om voedingstekorte te oorbrug. Ooie wat 'n totaal gemengde rantsoen ontvang, kan nie self hulle dieet bepaal nie en daarom moet totaal gebalanseerde rantsoene vir elke produksiefase noukeurig volgens die ooi se behoefte saamgestel word. Dit is belangrik om hier in gedagte te hou dat 'n ooi se liggaamsgrootte (gewig en kondisietelling) baie noukeurig dopgehou moet word, sodat die nodige wysigings betyds gemaak kan word.

Energie en proteïene word aangevul om eerstens aan die ooi se onderhouds- en daarna produksiebehoeftes te voldoen. Dit is nie net die voorsiening van proteïene wat baie belangrik is vir 'n ontwikkelende eisel nie, maar ook die korrekte proteïenkwaliteit. Oormatige hoë vlakke

van nie-proteïen-stikstof (NPN soos bv. ureum) is nadelig vir die eisel en die algemene omgewing in die baarmoeder. Mikrobiële en natuurlike proteïene speel 'n integrerende rol in die produksie van belangrike hormone wat krities is vir die reprodutiewe siklus. Vette en olies is weer belangrik in die vorming van selmembrane en vorm deel van

die chemiese struktuur van byvoorbeeld testosteroon en estrogeen. Visolie word dan ook met sukses aangewend om die hoeveelheid én gehalte van follikels te verhoog.

Die belangrikste vitamien en minerale wat eiselkwaliteit en dus vrugbaarheid beïnvloed, word in Tabel 1 uiteengesit. Ander nie-voedingsverwante faktore wat 'n eisel kan benadeel, word aangedui in Tabel 2.

Dit verg dus 'n holistiese benadering om te sorg dat ooie die maksimum eiselle van hoogstaande kwaliteit produseer vir bevrugting tydens die paarseisoen.

Deur 'n omgewing daar te stel waar 'n ooi optimale eiselle produseer, om sodoende sterk embryo's te verseker, sal aanleiding gee tot sterk, lewenslustige lammers met geboorte. Tel dus jou ooi se “eiers” voordat dit “uitgeborei” word!

Tabel 1: Belangrike minerale en vitamien vir reproduksie

Minerale Vitamien	
Kalsium	Vit A
Fosfaat	Vit E
Magnesium	
Koper	
Mangaan	
Sink	
Selenium	
Kobalt	
Jodium	

Tabel 2: Nie-nutriëntverwante faktore

Siektetoestande en entstowwe wat 'n koorsreaksie tot gevolg het
Skielike uiterste weersveranderinge
Drastiese hantering
Toksiene vervaardig vanaf gemufde of beskadigde plante
Vergiftiging soos gossipol vanaf kantoenprodukte of gifplante
Metaboliese siektes soos asidose, melkkoors, alkalose ens.

Kontak die outeur by annalie@feedtek.co.za en besoek www.feedtek.co.za vir meer inligting.

Spesialis Veevoer Konsentrate

Dankie Feedtek!

My eienaar kan nou **kostedoeltreffende hoë-kwaliteit** voere en lek-aanvullings **tuis meng** met **Feedtek produkte** vir **optimale vrugbaarheid produksie en gesondheid!**

086 111 5362 @ info@feedtek.co.za www.feedtek.co.za